

# **REGLEMENT VAN DIE GKSA PREDIKANTE ONDERSTEUNINGSFONDS**

"ARTIKEL 1: NAAM, AANVANGSDATUM, STATUS, DOEL EN GEREKIS-TREERDE KANTOOR VAN DIE FONDS

## **1.1 NAAM EN AANVANGSDATUM**

Die GKSA PREDIKANTE-ONDERSTEUNINGSFONDS (hierna die FONDS genoem) is op 1 Januarie 1997 (hierna die AANVANGSDATUM genoem) gestig.

## **1.2 STATUS**

Die FONDS is 'n afsonderlike liggaam en regspersoon en bestaan apart van sy LEDE, is die wettige eienaar van sy goed en het die bevoegdheid om in sy eie naam regte te verkry en verpligtinge aan te gaan en as eiser en verweerder op te tree.

## **1.3 DOEL**

Die doel van die FONDS is om die beroepsongeskiktheidsvoordele hierin omskryf aan LEDE te voorsien.

## **1.4 GEREKISTREERDE KANTOOR**

Die geregistreerde kantoor van die FONDS is geleë te h/v Molen- en Meyerstraat, Potchefstroom.

## **ARTIKEL 2**

In hierdie Reglement, tensy 'n teenstrydige bedoeling blyk, het verwysings in die enkelvoud ook op die meervoud betrekking en omgekeerd. Opskrifte en subopskrifte is slegs vir verwysingsdoeleindes bedoel en word nie by die uitleg van die Reglement in ag geneem nie.

## **WOORDBEPALINGS**

Tensy dit uit 'n teenstrydige bedoeling blyk, het die volgende woorde en uitdrukkings die betekenis wat hierna aan hulle toegeken word:

### **AFTREEOUDERDOM**

Die ouderdom van 65 jaar.

### **AKTUARIS**

'n Genoot van 'n instituut, fakulteit, vereniging of kapittel van aktuarisse aangestel ingevolge artikel 7.9.

### **BESTUURDER**

Die persoon, insluitende 'n regspersoon, wat ingevolge artikel 7.7 aangestel is.

### **FONDSJAAR**

'n Tydperk wat op 'n FONDSVERJAARDAG begin en op die dag voor die daaropvolgende FONDSVERJAARDAG eindig.

### **FONDSVERJAARDAG**

Die AANVANGSDATUM en die eerste dag van Julie 1997 en die eerste dag van Julie van elke daaropvolgende jaar.

### **INKOMSTEBELASTINGWET**

Die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet no. 58 van 1962) soos gewysig.

### **KERK**

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

#### KERKRAAD

Die KERKRAAD wat by elke gemeente van die KERK bestaan en waar die LID as predikant bevestig is.

#### KOMMISSARIS

Die Kommissaris van Binnelandse Inkomste.

#### LID

'n Lid van die FONDS in die diens van die KERKRAAD wat nog nie met pensioen onder die PENSIOENFONDS afgetree het nie.

#### OUDITEUR

'n Ouditeur wat ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet no. 80 van 1991) soos gewysig, geregistreer is en ingevolge artikel 7.8 aangestel is.

#### PENSIOENFONDS

##### GKSA PREDIKANTE PENSIOENFONDS

##### PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT

Die bedrag waarop die bydraes deur of ten behoeve van die LID tot die PENSIOENFONDS gebaseer is.

#### TRUSTEES

Die persone waarna in artikel 7.1 verwys word.

#### VERSEKERAAR

'n VERSEKERAAR wat ingevolge die Versekeringwet, 1943 (Wet no. 27, 1943) soos gewysig, geregistreer is om versekeringsbesigheid te bedryf.

#### ARTIKEL 3: LIDMAATSKAP

##### 3.1 KWALIFISERING VIR LIDMAATSKAP

Elke predikant wat lid is van die PENSIOENFONDS en wat nog nie AFTREEOUDERDOM bereik het nie of wat nog nie met pensioen onder die PENSIOENFONDS afgetree het nie, is LID van die FONDS.

##### 3.2 BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

3.2.1 'n LID word nie toegelaat om sy lidmaatskap te beëindig solank as wat hy LID van die Pensioenfonds is nie.

3.2.2 'n LID wat ingevolge Kerkorde, artikels 11/12/79/80 van die KERK uittree, hou op om 'n LID te wees en sy reg op voordele uit die FONDS staak onmiddellik.

#### ARTIKEL 4: BYDRAES

Fondse word verkry deur vrywillige bydraes uit die kerkverband.

#### ARTIKEL 5: VOORDELE

##### 5.1 ONGESKIKTHEIDSINKOMSTE

Die ongeskiktheidsinkomste wat aan die LID betaalbaar is, is gelyk aan 60% van die LID se maandelikse PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT.

Benewens hierdie inkomste, en terwyl 'n LID 'n ongeskiktheidsinkomste ontvang, word die volgende persentasies van die LID se maandelikse PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT elke maand aan die PENSIOENFONDS betaal:

7,5% synde die LID se bydrae tot die PENSIOENFONDS, en

12,5% synde die KERKRAAD se bydrae tot die PENSIOENFONDS.

Indien die LID te enige tyd nadat die ongeskiktheidsinkomste 'n aanvang geneem het, enige beroep teen vergoeding of wins bedryf, of enige ander inkomste behalwe die ongeskiktheidsinkomste ontvang, mag die TRUSTEES sy ongeskiktheidsinkomste staak of proporsioneel verminder.

## 5.2 BETALING VAN VOORDELE

Ongeskiktheidsinkomste is maandeliks agterna betaalbaar vir elke maand van ongeskiktheid.

Ongeskiktheidsinkomste wat ingevolge hierdie Reglement aan 'n LID betaalbaar is, word aan sodanige LID betaal; met dien verstande dat die TRUSTEES enige voordeel op sodanige wyse vir die voordeel van die LID mag aanwend as wat die TRUSTEES besluit, indien die TRUSTEES van mening is dat sodanige ander aanwending meer voordelig vir die LID sal wees.

## 5.3 VERHOGING VAN ONGESKIKTHEIDSINKOMSTE

Nieteenstaande die voordeelpenalings ingevolge artikel 5.1 mag die TRUSTEES, in oorleg met die AKTUARIS, 'n LID se ongeskiktheidsinkomste te enige tyd verhoog nadat dit 'n aanvang geneem het.

## 5.4 STAKING VAN ONGESKIKTHEIDSINKOMSTE

'n LID se ongeskiktheidsinkomste staak op die eerste van die volgende gebeurlikhede:

- die LID se sterfte, of
- die LID se bereiking van sy AFTREEOUDERDOM, of
- die LID deur sy KERKRAAD geakkommodeer kan word, of
- die LID 'n beroep van 'n ander KERKRAAD ontvang.

## 5.5 BEWYS VAN ONGESKIKTHEID

Die TRUSTEES mag te eniger tyd vereis dat 'n LID bewys van ongeskiktheid of voortgesette ongeskiktheid tot bevrediging van die TRUSTEES lewer. Indien die TRUSTEES op grond van die bewys van mening is dat die LID sodanig herstel het dat hy bevoeg is om die beroep van predikant te beoefen, mag die TRUSTEES aan die LID en sy KERKRAAD met kennisgewing aan die vergadering van naburige KERKRADE, aanbeveel dat die LID na die bediening terugkeer.

## ARTIKEL 6: ONTBINDING VAN DIE FONDS

Die FONDS word beëindig indien die KERK besluit om sy deelname aan die FONDS te staak nadat hy 30 dae skriftelike kennis van sy voorneme om sodanig op te tree aan die TRUSTEES gegee het of indien die KERK ophou om te bestaan.

By ontbinding van die FONDS is die AKTUARIS die likwidateur wat die FONDS ontbind en die TRUSTEES behou hulle magte vir die doeleindes van enige handeling rakende die ontbinding van die FONDS.

Die likwidateur wend die bates van die FONDS, na betaling van enige koste van die ontbinding, op 'n regverdige wyse aan om voordele te voorsien aan persone wat 'n ongeskiktheidsinkomste ontvang. Sodanige ontbindingsvoordele mag by aanvang daarvan nie groter wees as die voordele wat die FONDS sou verskaf het indien dit nie ontbind is nie; met dien verstande dat jaarlikse verhogings van sodanige ontbindingsvoordele voorsien mag word teen 'n koers wat deur die likwidateur, in oorleg met die TRUSTEES, bepaal word. Indien daar na sodanige voorsienings bates van die FONDS oorbly, word die oorblywende bates deur die likwidateur in die PENSIOENFONDS gestort.

## ARTIKEL 7: BESTUUR VAN DIE FONDS

### 7.1 RAAD VAN TRUSTEES

7.1.1 Die TRUSTEES of hul sekundi is verantwoordelik vir die bestuur van die FONDS en verrig alle nodige handeling namens die FONDS.

7.1.2 Die TRUSTEES bestaan uit dié persone wat die trustees van die PENSIOENFONDS is. Die sekundi vir die TRUSTEES is dié persone wat die sekundi vir die trustees van die PENSIOENFONDS is.

7.1.3 Die voorsitter van die TRUSTEES is die persoon wat die voorsitter van die trustees van die PENSIOENFONDS is.

7.1.4 Die kworum van die TRUSTEES bestaan uit dieselfde aantal TRUSTEES wat 'n kworum onder die trustees van die PENSIOENFONDS uitmaak en is bevoeg om enige pligte van die TRUSTEES uit te voer, ongeag enige vakature.

7.1.5 Die sekretaris van die TRUSTEES is dié persoon wat sodanige amp onder die PENSIOENFONDS beklee.

7.1.6 'n TRUSTEE of sekundus hou op om sodanig te wees indien:

(a) hy ophou om 'n trustee of sekundus vir 'n trustee van die PENSIOENFONDS te wees; of

(b) hy bedank deur die voorsitter skriftelik kennis te gee; of

(c) hy handelingsonbevoeg raak; of

(d) sy boedel gesekwestreer of oorgegee word tot voordeel van sy skuldeisers; of

(e) hy skuldig bevind word, hetsy in die Republiek van Suid-Afrika of elders, aan diefstal, bedrog, vervalsing of enige dergelike misdaad; of

(f) hy uit 'n vertrouensamp ontslaan word op grond van wangedrag; of

(g) hy op enige aanklag skuldig bevind en veroordeel word tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete; of

(h) die FONDS ontbind word, onderworpe egter aan die bepalings van artikel 6.

7.1.7 'n Toevallige vakature in die geledere van die TRUSTEES word:

\* in die geval van 'n TRUSTEE, deur sy sekundus gevul, of

\* in die geval van 'n sekundus wat ingevolge artikel 7.1.6(a) ophou om sodanig te wees, deur sodanige persoon wat as sekundus vir sodanige TRUSTEE onder die PENSIOENFONDS aangestel word, gevul, of

\* in die geval van 'n sekundus wat om enige ander rede ophou om sodanig te wees, deur 'n plaasvervanger wat die TRUSTEES aanstel, gevul;

met dien verstande dat sodanige persoon op dieselfde tydstip uittree as dié waarop die TRUSTEE of sekundus in wie se plek hy aangestel is, sou uittree.

7.1.8 Die voorsitter van die TRUSTEES mag, wanneer hy dit nodig vind, 'n vergadering van die TRUSTEES belê om die FONDS se sake te bespreek. Op alle vergaderings is die beslissing van die meerderheid bindend.

7.1.9 Enige TRUSTEE mag die voorsitter skriftelik versoek om 'n vergadering van die TRUSTEES te belê ten einde sodanige sake te behandel as wat in die versoek uiteengesit is. Indien die voorsitter die versoek as redelik beskou, belê hy so spoedig moontlik 'n vergadering; met dien verstande dat indien die versoek deur die meerderheid van die TRUSTEES gesteun word en die voorsitter in gebreke bly om 'n vergadering binne dertig dae na die datum van ontvangs van die versoek te belê, hulle self 'n vergadering mag belê nadat hulle die voorsitter van hulle voorneme verwittig het. Indien 'n kworum teenwoordig is, is die beslissing van die meerderheid bindend.

7.1.10 Die TRUSTEES mag verdere reëls neerlê wat hul werkwyse bepaal, mits sodanige reëls nie met die bepalings van hierdie Reglement en dié van die INKOMSTEBELASTINGWET bots nie.

7.1.11 Notule word gehou van die vergaderings van die TRUSTEES en op elke vergadering word die notule van die vorige vergadering deur die voorsitter van die vergadering onderteken nadat dit deur die vergadering goedgekeur is.

## 7.2 MAGTE VAN DIE TRUSTEES

7.2.1 Die TRUSTEES is bevoeg om ingevolge hierdie Reglement uitvoering te gee aan die doelstellings van die FONDS. Sonder om op enige wyse afbreuk te doen aan die algemene strekking van hierdie bepaling is die TRUSTEES bevoeg:

- \* om geld te ontvang, te beheer en aan te wend;
- \* om geld teen rente of andersins te leen of uit te leen met dien verstande dat lenings beperk word tot tydelike lenings om onvoorsiene kontanttekorte aan te vul of om aantreklike beleggingsmoontlikhede te benut;
- \* vir die gebruik van die FONDS roerende of onroerende eiendom aan te koop, met dien verstande dat enige surplus onroerende eiendom aangeskaf bo die behoeftes van die FONDS vir tyd en wyl verhuur mag word;
- \* om regulasies op te stel waarin voorgeskryf word hoe enige eise by die FONDS ingedien moet word en deur die FONDS behandel moet word;
- \* om namens die FONDS kontrakte aan te gaan, om enige regsgeding of regsproses deur die FONDS in te stel, deur te voer, te skik of te laat vaar en om enige regsgeding of regsproses teen die FONDS ingestel, te verdedig of te skik;
- \* om in die algemeen sodanige ander stappe of handeling te doen as wat bevorderlik is vir die verwesenliking van die doelwitte van die FONDS.

### 7.3 PLIGTE VAN DIE TRUSTEES

7.3.1 Die TRUSTEES doen alle billike stappe om te verseker dat die sake van die FONDS in ooreenstemming met hierdie Reglement behartig word.

7.3.2 Die TRUSTEES open 'n rekening in die naam van die FONDS by 'n geregistreerde bank en alle gelde wat ten bate van die FONDS ontvang word, word in die rekening gestort.

7.3.3 By die belegging, veilige bewaring, beheer of administrasie van fondse, handhaaf die TRUSTEES die hoogste goeie trou en lê behoorlike sorg en vlyt aan die dag.

### 7.4 WYSIGINGS TOT DIE REGLEMENT EN VOORDELE

In oorleg met die TRUSTEES, mag die KERK hierdie Reglement te eniger tyd wysig onderhewig aan goedkeuring van enige sodanige wysiging deur die KOMMISSARIS. Alle sodanige wysigings word ook voorgelê aan enige ander statutêre owerheid wat van die wysigings in kennis gestel moet word.

### 7.5 TEKENMAGTE

Die TRUSTEES mag sekere persone magtig om enige kontrak of dokument wat die FONDS verbind of enige dokument namens die FONDS te onderteken.

### 7.6 REKORDHOUDING

Die TRUSTEES sien toe dat sodanige rekords as wat vir die behoorlike bestuur van die FONDS nodig is, gehou word. Die rekeningboeke word aan die einde van elke FONDSJAAR afgesluit en deur die OUDITEUR van die FONDS geoudit.

### 7.7 BESTUURDER

Die TRUSTEES mag 'n BESTUURDER aanstel om die administrasie van die FONDS te behartig. Die BESTUURDER se pligte en verantwoordelikhede word deur die TRUSTEES bepaal.

### 7.8 OUDITEUR

Die TRUSTEES stel 'n OUDITEUR aan. Die OUDITEUR het toegang tot alle boeke, bewysstukke, rekeninge en ander dokumente wat op die FONDS betrekking het, en moet die resultaat van elke oudit skriftelik sertifiseer.

### 7.9 AKTUARIS

Die TRUSTEES stel 'n AKTUARIS aan. Die TRUSTEES laat rekords hou wat 'n aktuariële waardering te eniger tyd moontlik sal maak.

Die AKTUARIS vergewis homself van die finansiële stand van die FONDS so gereeld hy dit nodig ag, maar minstens elke drie jaar.

#### 7.10 ADMINISTRASIEKOSTE

Die FONDS betaal die koste van alle uitgawes voortspruitend uit die bestuur en beheer van die FONDS.

#### 7.11 VRYWARING EN GETROUHEIDSWAARBORG

7.11.1 Die TRUSTEES, die BESTUURDER en enige ander beamptes van die FONDS is nie persoonlik aanspreeklik vir enige regsdinge, koste en uitgawes wat aangegaan word as gevolg van enige eis in verband met die FONDS nie, mits dit nie uit hulle growwe nalatigheid, oneerlikheid of bedrog voortspruit nie.

7.11.2 Die TRUSTEES sien toe dat versekering aangegaan word vir sodanige bedrag as wat beskou word as voldoende beskerming teen verliese wat mag ontstaan as gevolg van die growwe nalatigheid, oneerlikheid of bedrog van enige van die beamptes van die FONDS (met inbegrip van die BESTUURDER) wat gelde van die FONDS ontvang en hanteer.

#### 7.12. BEWARING VAN SEKURITEITE

Alle sekuriteite van die FONDS word in veilige bewaring gehou by die FONDS of die BESTUURDER se geregistreerde kantoor, by 'n geregistreerde deponisionemende instelling, by 'n geregistreerde bank of by 'n benoemde maatskappy wat bates namens die FONDS hou; met dien verstande dat sodanige dokumente vir die doeleindes van die FONDS tydelik uit sodanige veilige bewaring onttrek mag word.

### ARTIKEL 8: ALGEMEEN

#### 8.1 VERTOLKING VAN REGLEMENT

Die beslissing van die TRUSTEES insake die betekenis of interpretasie van hierdie Reglement, of enige spesifieke artikel, of 'n gedeelte daarvan, is finaal en bindend op die LEDE of hul regsverkrygenes; met dien verstande dat die TRUSTEES enige geskil met die instemming van die ander party of partye tot die geskil, na bemiddeling deur die Sinode van die KERK mag verwys.

Wanneer die Trusteese oor 'n feitegeskil moet beslis, mag die TRUSTEES volgens sodanige bewyse as wat die TRUSTEES voldoende ag, optree, ongeag of daardie bewyse van 'n regsraad is of nie.

#### 8.2 REGLEMENT BINDEND

Hierdie Reglement, met inbegrip van enige wysiging wat aangeneem word in ooreenstemming daarmee, is bindend op die KERKRAAD, die TRUSTEES en die beamptes van die FONDS sowel as die LEDE en hulle regsverkrygenes.

#### 8.3 REG OM TE EIS

Geen persoon het enige eis ten opsigte van die FONDS teen die FONDS of KERKRAAD nie, behalwe in die geval waar sodanige eis in ooreenstemming met hierdie Reglement is.

#### 8.4 VOORDELE IS ONVERVREEMBAAR

Alle voordele is streng persoonlik van aard en behalwe soos in artikel 5.2 voorsien, mag geen sodanige voordeel oorgedra, verpand of beswaar word of aan enige vorm van beslaglegging onderwerp word nie.

#### 8.5 LEDE IS UITGESTELDE KREDITEURE

Die LEDE van die FONDS word as uitgestelde krediteure beskou en hulle eise teen die FONDS in hulle hoedanigheid as LEDE word nie vereffen tot tyd en wyl die eise van die gewone krediteure vereffen is nie.

#### 8.6 KERKRAAD SE REG OM DIENSTE TE BEËINDIG

Niks in hierdie Reglement kort die reg van die KERKRAAD in om binne sy bevoegdheid ingevolge Kerkorde artikels 11/79/80 van die KERK, enige LID uit sy diens te ontslaan nie, of die reg van 'n LID om, ingevolge Kerkorde, artikel 12 uit die diens van die KERKRAAD te tree nie."